



## God gee die vermoedides krag, versterk dié wat nie meer kan nie

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die druk van die lewe, dit wat ons ervaar en beleef, alles wat van ons verwag word, die onsekerheid wat ons nou beleef om 'n stryd te voer teen 'n virus wat ons nie kan sien nie, kan maak dat ons by 'n punt kom waar ons voel, ons kan nie meer nie. Wanneer ons by hierdie punt kom, is dit tyd vir herbesin.**

As gelowiges het ons 'n voordeel bo ander, ons weet waar en na wie toe om te gaan binne ons, *ek kan nie meer nie*. Want ons weet ons moet weer. Dit is ons roeping om hier te leef in God se teenwoordigheid.

Die Bybel is vol voorbeelde van mense wat ook soos ons by 'n punt kom waar hulle gevoel het, ek kan nie meer nie. Dink maar aan Elia wat deur Isebel met die dood gedreig word en toe onder die besembos gaan lê het en sê: *Nou is dit genoeg, Here!*

In die Psalmboek lees ons van die digters wat vertel oor swaarkry en teenslae wat hulle tref, mense wat hulle vervolg en te na kom, hul ondergang soek. In Jesaja word daar met God se volk gepraat waar hulle moedeloos in ballingskap sit, nie meer die uitkoms kan sien nie, voel hulle kan nie meer in die situasie waarin hulle is leef nie.

Dit is telkens binne hierdie gevoel van *ek kan nie meer nie*, dat daar uitkoms is en kom. God vind vir Elia daar onder die besembos, versorg hom en gee hom krag om verder te leef.

Ons opstaan en aangaan word bepaal deur die plek wat ons vir God in ons lewens gee, die wete dat God daar waar jy voel, *ek kan nie meer nie*, steeds by jou is.

Waar baie van ons al terug is by die werk en kinders en kleinkinders terug skool toe is, kan die bekommernis oor wat kan gebeur, geliefdes wat kan siek word, die gevoel van versmoor agter 'n masker, vrees wat maak dat jy amper die vel van jou hande af was, jou ook dalk by die punt bring van *ek kan nie meer nie*. Daar is verskillende dinge in ons lewe wat maak dat ons by die punt kan uitkom waar ons voel dat ons nie meer verder kan nie – dalk is dit die wete dat jy nie 'n werk het om na toe terug te gaan nie.

Waar gaan soek ons hulp wanneer ons voel dat ons nie meer verder kan nie, die teleurstelling, uitdagings in die lewe en seer van die lewe vir ons te veel word? By God kry ons nuwe krag, **kan ons vlieg met arendsvlerke**, bokant ons situasie uitstyg, dit wat ons beleef vanuit God se krag in ons aanpak. Saam met God sien ons die uitkoms wat ons in ons moedeloosheid nie kon sien nie, want ons perspektief was ingeperk. Vertroue op God laat ons die groter prentjie sien, by God kry ons nuwe krag, dan kan ons hardloop en nie moeg word nie, loop en nie afgemat word nie, want God se Gees wat in ons woon, vul ons met krag, hoop, die lig van waaruit ons lewe.

**Dr Annelie Botha, Mafeking**

## Lief en leed



Prof Piet en Louise Geysers

- **Prof Piet Geysers** (emeritus) is van Wilgers-hospitaal se intensiewesorgeenheid oorgeplaas na Eugene Marais se akute rehabiliteringseenheid. Hy is steeds baie siek en swak, maar ontvang puik sorg. Baie sterkte aan prof Piet en sy geliefdes.
- Op 14 Junie het **Raymond en Talitha Stebbing** hul dogtertjie Kiara gedoop in Gemeente Kempten. Talitha het 'n waterverfskildery gemaak en sê die volgende:  
"Ons het gister vir Kiara gedoop. Ons kon nie meer wag tot na die grendeltyd nie, want haar rok sou haar nie meer gepas het nie. Ek het nie gedink dat 'n doop eendag so sou lyk nie. Ons het nie regtig foto's geneem nie, want dit het nie reg gevoel nie. Ek het toe besluit om dit op papier te sit sodat Kiara eendag sou weet hoe ons gelyk het op haar doopdag. Kiara, mag God jou beskerm en seën met sy genade elke dag van jou lewe. Ons is baie lief vir jou."



- **Die volgende predikante verjaar tot 26 Junie, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 18 Junie: Prof EC (Elsabé) Kloppers (Unisa/Kerkmusiek) en ds DJR (Danie) Malan (Johannesburg)
- Vrydag 19 Junie: Ds W (Willem) de V Sauer (Waterberg)
- Saterdag 20 Junie: Dr A (Annelie) Botha (Mafeking)
- Sondag 21 Junie: Di HT (Hennie) van der Linde (Vliegepoort) en EN (Nastasia) Vosloo-Steyn (Donegal/Molopo)
- Woensdag 24 Junie: Ds PJE (Piet) Botha (emeritus/Klerksdorp)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Nederland** het 'n nuwe Bybel vir tieners bekendgestel en is betrokke by digitale Bybelprojekte in Nederland en elders.
- **Switserland** is dankbaar vir die Here se liefde en beskerming. Hulle vra voorbidding vir vlugtelinge, gevangenes en mense in nood.
- **België** (Franstalig) is dankbaar vir die werk wat reeds gedoen is en is hoopvol dat die projekte waarmee daar verlede jaar begin is, steeds vrugte sal afwerp.
- **België** (Vlaams) is besig met verskeie vertalings- en verspreidingsprogramme. Hulle is ook in staat om ander Bybelgenootskappe te ondersteun.

**Hierdie noodnommer is beskikbaar om dringende sake gedurende die Covid-19-noodtoestand in Suid-Afrika onder die aandag van die lede van die Bestuurskomitee te bring: 066 109 8308.**

## Gemeentes en bediening

- Hoeveel lidmate gaan Sondag kerk toe? Is daar nog plek vir my en die res van my gesin? Danksy iTickets is hierdie bekommernisse iets van die verlede. Vir etlike jare al behartig iTickets die bestuur van kaartjeverkope vir verskeie gospel-konserte en Christelike byeenkomste. Nou neem hierdie plaaslike kaartjeverkoopagentskap hande met kerke om die bywoning van dienste geriefliker te maak. En dis boonop verniet vir die lidmaat. **iTickets is na 13 jaar ideaal geposisioneer met tegnologie om die kerke en sake by te staan met toegangsbeheer en fondsinsameling. Nou kan gemeentes beheer toepas op erediens en die publiek aanmoedig vir finansiële bydraes**, sê Albertus Potgieter, besturende direkteur van iTickets. Besoek [itickets.co.za](http://itickets.co.za) en vind die skakel om na jou plaaslike kerk se dienste te kyk. Lidmate kan dan hul sitplekke vir die betrokke diens bespreek – al is dit net een persoon of die hele gesin. Lidmate sal kan sien hoeveel plekke daar oor is sodat die maksimum van 50 persone per diens nie oorskry word nie. Daar is geen betaling betrokke nie, maar lidmate het die kans om 'n donasie aan die betrokke kerk te maak. Die donasies sal deur die kerk gebruik word om die koste van die stelsel te dek. Vir meer inligting of om uit te vind hoe jou kerk betrokke kan raak, stuur 'n e-pos aan [albertus@itickets.co.za](mailto:albertus@itickets.co.za) of skakel hom by 083 409 4120.

- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis met ingang van 1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en erediens op kerklike feesdae. Aansoekers moet 'n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrouwd wees met 'n groot 3-manuaal-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of [nhbhs@nhk.co.za](mailto:nhbhs@nhk.co.za). **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul **50-jarige bestaan**. Die **feestyd** strek van **6 tot 9 Augustus 2020**. Alle oudlidmate is hartlik welkom om die geleentheid by te woon. Hiermee ook 'n vriendelike versoek dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by [wilred6@gmail.com](mailto:wilred6@gmail.com) of die kerkkantoor by [nhgbw@lantic.net](mailto:nhgbw@lantic.net). Meer inligting sal later volg.

**Belangrik: Bevestig vooraf dat beplande byeenkomste wel sal plaasvind, in die lig van Covid-19.**

## Vergaderings

- Vrydag 19 Junie: Rata 360
- Dinsdag 23 Junie: Bestuurskomitee
- Donderdag 25 Junie: Rata Bestuur Werkwinkel

## 'n Gedig

### Universele stoel

Stoel is meervoudig.  
Afhangende van my bui  
verander sy prentjie in my kop  
van dag tot dag ...  
My stoel vir die dag  
kan ek nooit voorspel nie.  
Vandag se stoel byvoorbeeld  
(net omdat ek verlang)  
is geelhout en riempies  
gister was dit seil plus staal  
(ook net omdat ek verlang het).

lewers weet ek moet  
daar 'n universele stoel wees  
wat "stoel" in een en enkelvoud sê  
sonder tierlantyntjies  
sodat my stoel ook jou stoel kan word.

Ek gaan soek tot ek hom kry  
wie weet  
miskien sal ons mekaar dan

kan begin verstaan.

### Rosa Keet

(Uit: *Spookstories*, 1988)

## Barmhartigheid

- Weet jy hoe dit voel om totaal alleen in die wêreld te wees? Dit is die gevoel wat baie bejaardes beleef in hierdie grendeltyd. Ons Tuis se tehuise is geslote vir besoekers. Kinders mag nie hul ouers besoek nie. Gelukkig is die **NHSV dames** en **Ons Tuis-personeel** daar om dit vir hulle so aangenaam moontlik te maak. Hulle word bederf met eetgoed – verskeie skenkings is in hierdie tyd aan die Ons Tuis-groep gemaak, wat baie help in finansiële moeilike tye. **Help die NHSV Hoofbestuur om ons bejaardes te help met 'n donasie** wat die lewe vir elke inwoner makliker en lekkerder maak. Kontak die NHSV kantoor by [admin@nhsv.org.za](mailto:admin@nhsv.org.za).

### Deo Gratia-aftreeoord Garfontein, Pretoria

Vinnige toegang tot snelweë; naby Gautreinbushalte, inkopiesentrums soos Menlyn en Menlyn Main, en verskeie kerke; dokters, tandartse, 'n hospitaal en ander mediese dienste maklik bereikbaar.

Die oord bestaan uit 32 eenslaapkamer-, tweeslaapkamer- en drieslaapkamer-selfsorgeenhede.

Tans beskikbaar:

- 2-slaapkamer-eenheid (met tuin)
- 3-slaapkamer-eenheid met 2 badkamers (met tuin)

Maak 'n afspraak om ons te besoek en plaas jou naam op die waglys.

**Kontak die oordbestuurder, Renier de Beer, by 060 582 1578**

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n **eenslaapkamerwoonstel** vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Huis Frans Boshoff in Brooklyn** het 'n **eenslaapkamer-woonregeenheid** vir bejaarde persone beskikbaar teen R366 160 en 'n maandelikse heffing van R2 970. Die woonstel is geleë op die perseel van Machteld Postmus, naby winkelsentrums. Verskeie dienste word gelewer. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Kieserstraat 126, Rietondale  
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000  
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000  
1 eenslaapkamerwoonstel te huur  
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723  
[Seniordalpta@gmail.com](mailto:Seniordalpta@gmail.com)



## Allegaatjie

“Soms op 'n dag is alles meteens buite stil. Die wolke roer nie in die blouelblou lug, die plante se blaarpunte blink, maar blink in bewegingloosheid. Die bome is so stil, asebenemend. Ek kom in die Koninkryk van God deur bome.” (Elsa Joubert, in *Spertyd*, 2017. Sy is Sondag 14 Junie 2020 oorlede, in die ouderdom van 97 jaar.)

## Toerusting

- **40-dae-avontuur in die Woord van God**

**God se asem tussen bladsye**

**26 Julie tot 30 Augustus**

Projek van die Bybelgenootskap

Gekoördineer deur NG Gemeente Witrivier

- Ses Bybelstudietemas vir groepe of individue.
- Teksgedeeltes vir daaglikse stiltetyd sodat deelnemers in die 40 dae 'n gedeelte uit elke Bybelboek sal lees.
- Preke.
- DVD as inleiding tot elkeen van die ses temas.
- Aanhalings uit die nuwe Afrikaanse vertaling wat in November 2020 bekendgestel word.

Navrae: [dsjurgens@ngwitrivier.co.za](mailto:dsjurgens@ngwitrivier.co.za) / 079 292 9545

- **Aanlynkursusse in pastorale berading**

- Algemene jaarkursus in pastorale sorg en krisis-intervensie
- Jaarkursus gefokus op die vrou
- Jaarkursus gefokus op treurberading en sterwensbegeleiding
- Jaarkursus gefokus op die huwelik
- Jaarkursus gefokus op trauma en krisis
- Jaarkursus gefokus op pastorale begeleiding van kinders en jongmense

Elke kursus bevat 12 subtemas

Studente kan enige tyd van die jaar registreer

Al die kursusse kan via afstandonderrig gedoen word

Leraars ontvang ten minste 50 VBO-punte vir elke kursus

Vir lede van CPSC (Beradersvereniging) is daar 20 punte vir elke kursus

Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie

Navrae: Prof Wentzel Coetzer [wentzelc@gmail.com](mailto:wentzelc@gmail.com)

018 294 7457 / 083 660 0409

- **Brugbedieningskursus by UP**

**Week 1: 27-30 Julie**

**Week 2: 9-12 November**

Kursusleier: Prof Malan Nel

Koste: R2 500 (BTW ingesluit)

Plek: UP

Kursuspunte: 70

Navrae: Hesmarie Bosman, 012 420 4952 / [hesmarie.bosman@up.ac.za](mailto:hesmarie.bosman@up.ac.za)

- **Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling)**

**Julie 2020**

- 14 -15 Kom ons lees die Nuwe Testament
- 21-23 Sertifikaat in bedieningsontwikkeling (6)
- 28-30 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (6)
- 30-31 Opleiding van begeleiers van 'n bedieningsdiagnose in gemeentes

**Augustus 2020**

- 12 Kerk van die toekoms (1)
- 18-19 Sinvol besig na aftrede (3)

**September 2020**

- 15-17 Lentekonferensie

**Oktober 2020**

- 13-15 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (3)
- 20-22 Sertifikaat in bedieningsvernuwing (7)
- 27-29 Sertifikaat in bedieningsontwikkeling (7)

**November 2020**

- 3-4 Liturgiewerkwinkel (3)
- 11 Kerk van die toekoms (2)
- 12-13 Opleiding van begeleiers van 'n bedieningsdiagnose in gemeentes

Navrae aan Rika van Rensburg by [excelsus@up.ac.za](mailto:excelsus@up.ac.za)

## Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex September/Oktober (datum later bepaal)**  
Gesinspretdag en windbukskompetisie  
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk  
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem  
Wenner word aangekondig op die gesinsdag



- **Plesion en Rata Maatskaplike Dienste**  
**Wen 'n motor: Datsun Go ter waarde van R154 000**  
Koop 'n pakket van 200 (R5 000), 50 (R2 500) of 70 (R3 500) boekies  
Maak wins van 75% of 50%  
Hou jou eie kompetisie en trek jou finaliste voor Augustus 2020  
1 wenner uit elke pakket dring deur na finale sleutelpasgeleentheid  
Finale sleutelpas op Rata se DRIVE FOR A CHILD Gholfdag  
**Later vanjaar by Silver Lakes (nuwe datum sal bepaal word)**  
**Meer inligting:** Ds Stephen de Beer (074 658 4630 / [gsdebeer@gmail.com](mailto:gsdebeer@gmail.com))  
Diak Andries Pretorius (081 466 8691 / [andries@rata.org.za](mailto:andries@rata.org.za))  
Vir uitstallings van die voertuig, kontak diak Andries Pretorius

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)** Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

O Here Jesus, Prins van Vrede,  
inspireer tog die regeerders en volke van die wêreld  
om vrede in plaas van konflik te soek.  
Lei die vredesonderhandelaars  
tot die formulering van kompromieë wat alle partye tevrede sal stel.  
Genees die bittere verskille, agterdog en haat  
wat groepe uitmekaar dryf en nasies verskeur.  
U het u kosbare bloed gestort  
om mense met God en met mekaar te versoen  
en in harmonie te laat leef.  
Verander dan die gedagtes van hulle  
wat hul eie en ander se bloed vergiet  
in die fanatiese najaag van eie belange en ou wrokke.  
Here, daardie nag met die storm op die see  
het u dissipels bewend uitgeroep: “Here, red ons! Ons vergaan!”  
Here, dit is nou meer as ooit waar ...  
Daardie nag het U u kinders nie in die steek gelaat nie.  
U het die tierende golwe tot bedaring gebring  
met ’n blote bevel: “Hou op! Bedaar!”  
Doen dit ook vir ons stormagtige wêreld.  
As dit beteken dat U eers die tierende selfsug in óns hart  
en die politieke gierigheid in ons regeerders  
moet bestraf, doen dit.  
Maar herstel tog weer die orde en vrede  
op hierdie aarde.

### **Pous Benedictus XV**

(Uit: *Die groot gebedeboek*, Piet Naudé 2014)

